

Hoekom dit nie 'n opsie is om die skool te verlaat nie

Inleiding

'n Groot aantal leerders verlaat die skool na graad 9 om verskeie redes. In hierdie afdeling bespreek ons die redes en gee wenke hoe jy jou skoolloopbaan kan voltooi. Jy mag in 'n moeilike situasie verkeer en weet nie hoe om dit te hanteer nie. Bestudeer asseblief die volgende wenke hoe jy jou moeilike omstandighede kan hanteer. Jy het geen rede om jou skoolloopbaan op te gee nie.

Hier volg van die redes waarom graad 9 leerders die skool verlaat en ook moontlike oplossings daarvoor:

1. Verkeerde vakkeuses in graad 10.

- Hoe kan jy seker maak dat jy die regte vakke kies?
- 'n Onderwyser moet jou help met die voltooiing van 'n beroeps-selfverkenningsoefening/-aktiwiteit. Dit behels die voltooiing van 'n vraelys.
- Jy sal jou belangstelling in verskillende studievelds verken deur so 'n vraelys te voltooi.
- Die uitslae van die selfverkenningse vraelys kan jou begelei na 'n beroepsveld wat by jou pas.
- Jy sal dan in staat wees om jou graad 10-vakke te kies op grond van jou belangstellings, jou vermoë in sekere vakke en jou voorkeurberoepsveld.

2. Leerders kan nie aanpas by die eise van die hoërskool nie.

- Hoërskole is nie dieselfde as laerskole nie. In hoërskole werk onderwysers as vakkundiges. Jy sal agt of meer verskillende onderwysers hê wat agt verskillende vakke aanbied.
- Die werk is moeiliker, daarom sal jy harder moet werk.
- Elke vak het sy eie reeks take en slaagvereistes.
- Jy moet feitlik elke week take inhandig.
- Jy moet voorberei vir weeklikse take.

3. Leerders dink hulle kan nie bekostig om na die hoërskool te gaan nie.

- Dit is nie waar nie. Jy behoort van die volgende bewus te wees:
- Jy behoort 'n gratis handboek vir elke vak te ontvang.
- Jy behoort die basiese skryfbehoeftes vir geskrewe take te ontvang.
- Alhoewel skole verwag dat jy 'n uniform moet dra, kan leerders wat dit nie kan bekostig nie daarop let dat skole nie onredelik sal wees nie.

- Praat met 'n onderwyser indien jy 'n probleem in hierdie opsig het. Die skool sal jou bystaan.
- Die staat voorsien vervoer aan leerders wat meer as 5 kilometer van die naaste skool af bly.
- Indien jy 'n hoërskool weg van die huis wil bywoon, moet jy aansoek doen vir koshuisverblyf. Praat met jou onderwysers oor hierdie opsie.
- Party skole is geenskoolgeld-skole. By ander skole kan leerders wat nie skoolgelde kan bekostig nie, vrygestel word van die betaling van die volle bedrag. Vra jou ouer of voog om met die prinsipaal hieroor te praat.

4. Leerders word geboelie of ervaar groepdruk

Jy kan soms deur jou vriendekring geïntimideer word en geteister word deur afknouery of belediging. Hulle forseer jou om dinge te doen wat teen jou wil is.

Groepdruk beteken dat jy deur vriende beïnvloed word om hulle voorbeeld te volg.

Om dit te vermy moet jy: 'n Sterk karakter ontwikkel

- Wees vasberade en sê "nee" vir slegte groepdruk.
- Tree op 'n manier op wat ander mense kan respekteer.
- Moenie dinge doen wat 'n negatiewe uitwerking op jou lewe het nie.
- Ontwikkel opbouende gewoontes; bv. om nie te rook nie, ens.
- Raak betrokke by sport en ontspanningsaktiwiteite.
- Help mekaar met skoolwerk en neem sekere verantwoordelikhede aan.
- Daar is niks verkeerd met gesonde akademiese wedywering nie.
- Neem deel aan konstruktiewe ontspanningsaktiwiteite soos jeugklubs, stokperdjies en belanggroepe.
- Bly gesond deur gereeld te oefen, byvoorbeeld dans, gimnasium te besoek, stap of hardloop.

Is jy 'n Boelie?

Moenie ander forseer om te doen wat hulle nie wil doen nie. Dit maak van jou 'n boelie.

As jy 'n boelie is, verander jou houding en respekteer ander soos jy graag respekteer wil wees!